
Steinhoff kry nog 4 groepe se steun vir skikking.

Vier groot groepe eisers wat gewone aandeelhouers verteenwoordig, het ook hul ondersteuning vir Steinhoff se skikkingsvoorstel gegee.
Steinhoff het in Julie 2020 ’n voorstel om al die skadevergoedingseise teen hom te skik op die tafel gesit en het in Februarie amptelik met die proses in Nederland en Suid-Afrika begin.
Steinhoff, sy voormalige ouditeursfirma, Deloitte, en die versekeraars wat aanspreeklikheidsversekering vir die groep se direkteure verskaf, het sowat R750 miljoen ekstra beloof aan dié wat die skikking ondersteun.
Die groot eisersgroepe verteenwoordig elk gewone aandeelhouers of batebestuurders wat hul aandele in die mark aangekoop het, in teenstelling met partye wat aandele ontvang het deur iets aan Steinhoff te verkoop.
Die groepe het almal teen sowel die Nederlandse as Suid-Afrikaanse Steinhoff-maatskappye skadevergoedingseise ingestel.
Enige regsgeding wat die groepe teen Steinhoff en voormalige direkteure en amptenare ingestel het, sal onmiddellik opgeskort word wanneer die Nederlandse en Suid-Afrikaanse skikking suksesvol afgehandel is.
Die eisergroepe wat hul ondersteuning gegee het, is Burford Capital (’n finansiëledienstemaatskappy van Delaware in Amerika), Deminor Recovery Services (wat in Luxemburg en België opgerig is) en DRRT/Therium (wat die Stichting Steinhoff International Compensation Claims gebring het).
Die vierde groep het verkies om naamloos te bly.
Dit beteken vier van die aktiewe eisergroepe se ondersteuning is gekry.
Deloitte Accountants van Nederland, Deloitte & Touche Suid-Afrika en sekere versekeringsmaatskappye wat aanspreeklikheidsdekking vir sy direkteure en amptenare verskaf het, het onlangs elk ’n aanbod aan ses van die groot eisergroepe gemaak.
Die aanbod sal van krag word as vyf uit ses van die groepe dit aanvaar.
Die ondersteuning is benewens dié wat European Investors-VEB reeds verlede jaar vir die skikkingsvoorstel gegee het nadat ’n aparte skikking met Deloitte bereik is.
Hamilton, die sesde groot eisergroep, is in ’n groot hofsaak gewikkel oor die skikkingsvoorstel.
Hamilton verteenwoordig verskeie Suid-Afrikaanse batebestuurders en dus onregstreeks baie Suid-Afrikaanse beleggers met geld in pensioenfondse en effektetrustfondse.
Deloitte en die versekeraars het elk bykomend tot wat Steinhoff aanbied €43 miljoen aangebied aan groot eisergroepe plus nog €12 miljoen elk vir die gewone aandeelhouers wat nie deel van die groepe is nie.
Dis benewens die €266 miljoen (sowat R4,6 miljard) wat Steinhoff in sy skikkingsvoorstel aan dié soort eisers bied.
Ekstra kostevergoeding vir die aktiewe eisergroepe wat die aanbod van Deloitte en die versekeraars aanvaar, beloop €13 miljoen (R227 miljoen in vandag se wisselkoers). Dis in erkenning vir die moeite en koste wat hulle aangegaan het om die aanbod te aanvaar.
Steinhoff Africa Holdings (SAHPL) gaan apart aan die aktiewe eisergroepe wat die skikking ondersteun ’n gesamentlike bedrag van €30 miljoen se kostevergoeding aanbied.

https://www.netwerk24.com/Sake/Maatskappye/steinhoff-kry-nog-4-groepe-se-steun-vir-skikking-20210331



SQUIDEYE